ALGEMENE INLIGTING

1. **VERLORE ITEMS**
   Dit is belangrik dat u al u kind se skoolklere, boeke en skryfbehoeftes merk. Hierdie gemerkte items sal dan aan u kind terugbesorg word. Die naam en van moet asseblief op elke item aangebring word. Ongemerkte items sal na die skoolwinkel gestuur en verkoop word.

2. **PADVEILIGHEID**
   Ons ervaar probleme met ouers wat hulle kinders voor die hek aflaai of hul motors op die sypaadjie parkeer. Verkeersboetes word deur die verkeersdepartement uitgereik. Kinders word forseer om in die pad te loop, wat uiters gevaarlik is. Laai asseblief u kinders in die parkeerareas af. Geen kinders mag binne die skoolterrein afgelaai word nie. Leerders word aangemoedig om voetoorgange te gebruik om paaie oor te steek.

3. **SKOOL/SPORT TOERUSTING**
   Ouers moet asseblief toe sien dat hulle kinders al die nodige toerusting en uitrusting vir die dag het VOORDAT hulle skool toe kom. Klasse sal nie gesteur word nie.

4. **PUBLIEKE TELEFONE**
   Maak asseblief seker dat u kind 'n telefoonkaart het. Dit kan by die kantoor gekoop word teen R20,00 per kaart. Publieke telefone is in die skoolgebou beskikbaar vir die gebruik deur leerders.

5. **VERANDERING VAN ADRES/E-POS & TELEFOONNOMMERS**
   Stel asseblief u kind se onderwyser in kennis indien daar 'n verandering in u adres/e-pos en/of telefoonnommer is. Dit is baie belangrik dat ons inligting op datum is, indien daar 'n noodgeval plaasvind.

6. **MOTORVOERTUIE – OPVOEDERS**

Geen kinders mag naby opvoeders se motors eet, drink of speel nie. Die motors word daagliks beskadig en ons vra u samewerking in die verband.

7. **GELD WAT SKOOL TOE GESTUUR WORD**

Gelde wat skool toe gestuur word, word nie deur die opvoeders gehanteer nie. Die koeverte word in houers gebêre en daarna kantoor toe gestuur. Ons vra asseblief dat u altyd die korrekte hoeveelheid geld in 'n gemerkte koevert sal plaas. Kleingeld sal nie gegee word nie. Enige ekstra geld sal as donasies aanvaar word.

8. **DIE VOORPORTAAL**

Neem asseblief kennis dat die voorportaal beskou word as 'n **STIL** area van die skoolgebou. Geen leerder mag die voordeur van die skool voor- en gedurende die skooldag gebruik nie. Elke graad het 'n spesifieke ingang waar hulle die gebou inkom en verlaat. Hierdie uitgange word ook gebruik gedurende ontruimings oefeninge in geval van bv. brand. Indien u kind 'n buitemuurse aktiwiteit in die middae moet bywoon, versoek ons dat hulle in **STILTE** na die betrokke areas sal beweeg. U mag u kind vergesel, hulle daar los en dan asseblief so spoedig moontlik die gebou verlaat. Moet asseblief nie in die voorportaal of op die boonste vlak wag nie. Enige geraas steur die biblioteek en rekenaarklasse, sowel as die administratiewe kantoor. Dankie vir u samewerking in hierdie verband.

9. **SKOOLVERLATERS: EINDE VAN DIE KWARTAAL**

Ouers van leerlinge wat die skool aan die einde van die kwartaal verlaat, word versoek om die kantoor skriftelik in kennis te stel. Dit bied ons die geleentheid om betyds aanpassings ten opsigte van die debietorderstelsel te maak. Oorplasingsvorms sal saam met die rapporte gestuur word.

10. **SELFONE VIR GRAAD 6 EN 7 LEERDERS ALLEENLIK**

Aangesien baie van die Graad 6- en 7 leerders aan buitemuurse aktiwiteite deelneem wat laat in die middag klaarmaak, het ons besluit om hierdie leerders toe te laat om hul selfone skool toe te bring. Die volgende voorwaardes geld:

- Die selfone moet afgeskakel wees vir die volle duur van die skooldag.
- Dit moet soggens by die leerkrag ingehandig word wat dit sal toesluit en aan die einde van die dag weer sal terugbesorg. Indien daar nie aan hierdie reël gehoor gegee word nie, sal die selfoon gekonfiskeer word tot aan die einde van die kwartaal.
- Die skool aanvaar geen aanspreekliheid vir die verlies of skade aan enige selfone nie.

Selfone mag slegs vir noodgevalle gebruik word. Vir ander graad leerders: ons versoek dat u asseblief verseker dat u seun/dogter nie 'n selfoon skool toe bring nie. Die skool gaan nie verantwoordelikheid vir hierdie duur items aanvaar nie. Maak asseblief van Teleskool gebruik, vir die jongste inligting oor buitemuurse aktiwiteite. Dit word daagliks aangepas. Leerders mag die betaalfoon in die ingangsportaal gebruik vir noodsaaklike oproepe. Indien u seun/dogter wel 'n selfoon by die skool het en hy/sy gebruik dit gedurende die skooldag om oproepe, boodskappe, ensovoorts, te maak en te ontvang, sal die foon onmiddellik gekonfiskeer word. Dit sal dan in die kluis in die kantoor bewaar word tot aan die einde van die kwartaal. Ons vra u samewerking in hierdie verband.

11. **MEDIKASIE**

Die skool **MAG GEEN** medikasie aan die leerders verskaf nie. Ons vra dat u asseblief nie die kinders skool toe sal stuur, indien hulle ongesteld is nie. Indien u kind gedurende die skooldag ongesteld raak, sal ons die ouers kontak om hom/haar te kom haal.

12. **OUERONDERSTEUNING EN OPTREDE TYDENS WEDSTRYDE**

Ons vra dat ons ouers alleenlik positiewe opmerkings teenoor besoekende skole en skeidsregters sal maak. Nie alle skeidsregters is op dieselfde vaardigheidsvlak nie en dit skep net 'n beter beeld as ons te alle tye waardig optree. Ons moedig goeie sportmangees aan en betoon respek aan opponente.



13. **BESOEKERSKAART**

Alle besoekers aan die skool moet by Ontvangs aanmeld, inteken en 'n besoekerskaart ontvang. Ons versoek dat ouers asseblief nie buite Graad 3 klaskamers vergader en gesels nie. Dit trek die aandag van die leerders af.

14. **UITTEKEN**

Omdat die veiligheid van ons leerders vir ons belangrik is, moet ouers/familielede eers by ontvangs rapporteer en leerders uitteken indien hulle die skoolgronde voor die amptelike sluitingstyd van die skooldag moet verlaat.

15. **BUITELUGAKTIWITEITE**

Ons gee om vir ons leerders en doen 'n beroep op u om te sorg dat leerders altyd sonblok en 'n hoed/pet dra tydens buitelugaktiwiteite. Leerders word ook aangemoedig om 'n ekstra bottel met water skool toe te bring gedurende die warm somermaande.